

# “Mite” as geesteswetenskaplike konsep in heroënskou

*“Myth” reviewed as a concept in the human sciences*

ANNETTE MARIÉ JORDAAN

Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria

annette.jordan@up.ac.za

*I know very well what it is, provided that nobody asks me; but if I am asked and try to explain, I am baffled (Augustinus, *Confessiones* xi:14, aangehaal in Ruthven 1976:1).*



Annette Marié  
Jordaan

**ANNETTE MARIÉ JORDAAN (gebore Neethling)** matrikuleer in 1967 aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria. Sy behaal 'n B.A. en (H.O.D) 1970/1971 aan die Universiteit van Pretoria; M.A. in Latyn (1982) aan die Randse Afrikaanse Universiteit met prof. Anton Pauw as studieleier; M.A. in Afrikaans (1995) en DLitt (Afrikaans) (2004) onder promotorskap van prof. M.C.J. van Rensburg aan die Universiteit van Pretoria, met 'n proefskrif getiteld *Mites rondom Afrikaans*. Sedert 1992 is sy deeltydse dosent en sedert 1996 voltydse dosent in die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria. Sy behartig verskeie doseervelde, waaronder taalpolitiek, Afrikaans vir niemoedertaalsprekers, taal- en teksvaardigheid, Nederlandse letterkunde en kreatiewe skryfwerk op honneursvlak. Sy het reeds agt romans by Lapa Uitgewers gepubliseer onder die skrywersnaam Magda Schmidt. Sy is getroud met dr. Chris Jordaan, 'n landbou-ekonoom en bestuurskonsultant en het vyf dogters.

**ANNETTE MARIÉ JORDAAN (née Neethling)** matriculated in 1967 at the Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria. Subsequently, she obtained the following degrees: B.A. (H.E.D) 1970/1971 at the University of Pretoria; M.A. (Latin, 1982) at the Rand Afrikaans University with prof. Anton Pauw acting as study leader; M.A. (Afrikaans, 1995) and DLitt (Afrikaans, 2004) with prof. M.C.J. van Rensburg acting as promoter at the University of Pretoria; the title of the thesis was *Mites rondom Afrikaans (Myths concerning Afrikaans)*. From 1992 to 1995 she was a part time lecturer and since 1996 she has been a full time lecturer in the Department of Afrikaans at the University of Pretoria. Her teaching involves various fields of focus, such as language politics, Afrikaans for non-mother tongue speakers, language and text proficiency, Dutch literature and creative writing at honours level. She has published eight novels, using the pseudonym Magda Schmidt at Lapa Publishers. She is married to dr. Chris Jordaan, an agricultural economist and management consultant and has five daughters.

## ABSTRACT

*Judging from various definitions by human scientists (among them Joseph Campbell, the historians Samuel and Thompson, Karen Armstrong and others) of the term “myth”, it would appear that it is a complex concept, defying a single definition. Steenberg (in Cloete 1999:312) notes that the term is mostly defined in accordance with the researcher’s focus, for instance historical, philosophical, theological, aesthetic, or sociological orientations. In 2004 two theses were completed at South African universities with “myth” featuring in the title of the studies: one from a literary perspective and one from the perspective of language sociology, or language politics. Although the focus differed and the bibliographies (despite significant resemblances) indicate*

*different fields of study, the interesting fact is that at the end both researchers came to more or less the same conclusion regarding the nature and function of myths.*

*The first of these two researchers (Van Schalkwyk 2004) uses the concept “coherence system” as more or less synonymous to the term “myth” and quotes Linde in this regard: “A coherence system is a discursive practice that represents a system of beliefs and relations between beliefs” (Linde 1993:164). Other important sources for Van Schalkwyk’s study include Northrop Frye (1982), Scarborough (1994) and Roland Barthes (1957/1975).*

*The second researcher (Jordaan 2004), and author of the present article, studies the role of “myth making” in the “story of Afrikaans” from the perspective of language politics. Given this context, myths are primarily seen as “stories of our search through the ages for truth, for meaning, for significance” (Campbell in Flowers 1988:5). “Myth”, in this instance, being defined as a narrative reconstruction of the fundamental truths that give meaning to human existence. As such myths are furthermore seen as instrumental in establishing systems of belief as well as value systems and codes of conduct within specific cultural groups (also defined as “imagined communities”, cf. Anderson 1991). Jordaan’s main sources are Joseph Campbell (1949 & 1988), Samuel and Thompson (1990), Thomas Bulfinch (sine anno), Carl Gustav Jung (1964), P.J. Conradie (1964), Etienne Leroux (1960) and Charles Malan (1978).*

*I argue in this article that the lexicon definitions and widespread use of the term “myth”, to refer exclusively either to the heroic deeds of antique heroes and the antics of their gods and goddesses, or to modern day misconceptions and even falsehoods, may be unsatisfactory and even confusing. Definitions by prominent human scientists in the course of more or less forty years defy this superficial view of myths as “falsehoods”. The following are a few examples of the view taken on the pertinent role of myths and myth making:*

[...] a myth expresses rules of conduct of a given social or religious group. It issues accordingly from whatever sacred principle has presided over the formation of this group (De Rougemont 1956:18).

The distinctive quality of myth, the aspect of it that gives its peculiar value for literature, is its capacity to express in story form the primary emotional and imaginative workings of the human mind (Kirkwood 1958:22).

Throughout the inhabited world, in all times and under every circumstance, the myths of man have flourished... It would not be too much to say that myth is the secret opening through which the inexhaustible energies of the cosmos pour into human cultural manifestation (Campbell 1972:3).

[...] myth is a fundamental component of human thought [and] has lost neither its imaginative purchase nor its living power as a historical force today (Samuel & Thompson (eds.)1990:4).

*As an example of the role of myths in establishing value systems and codes of conduct, I refer in this article to the Afrikaans author and social worker of the twentieth century, Maria Elizabeth Rothmann (M.E.R.), whose writing and life work give ample proof of the central role of myth. The “power of myth” as discussed by Joseph Campbell in televised interviews with Bill Moyers on CBS News is further explicated as additional proof of the fact that a myth may be seen as a fundamental “truth” for which the believer is prepared to die rather than to live without. It is probably with this in mind that the prominent Afrikaans writer, Etienne Leroux, unequivocally stated that a human being would rather die from starvation than go without his life-sustaining myth (Leroux in Kannemeyer 1980:12).*

The article furthermore points out the link between myths and literature by referring among other things to the following statement by Barbara Kingsolver in *The Poisonwood Bible*: “We all are, I suppose. Trying to invent our version of the story. All human odes are essentially one: ‘My life: what I stole from history, and how I live with it’” (Kingsolver 1999:492).

It is also argued that, in the words of Estes (1992:463), stories (“tales”) are “in their oldest sense, a healing art”. Stories, like myths, are therefore used to make sense of the human condition, to explain to members of a group (and especially to the young members of the group) where they come from, what sense their life has, and what values are inherent to the group.

In the last section of the article examples are provided of prominent and highly respected human scientists who have made use of the term “myth” in scientific discourses in the sense of a misconception or falsehood. It is argued that, according to the lexical definition of the term “myth”, the use of the term by these scientists is entirely valid. On the other hand, however, it is stated that, in the light of the preceding discussion of the term as used by prominent human scientists to refer to a narrative (re)construction of man’s “search through the ages for truth, meaning and significance”, the implication that a myth is a falsehood may undoubtedly create confusion. The pertinent question seems to be: can man’s search for “truth, meaning and significance”, his or her “quest for the soul” (Armstrong 2005:11), result in nothing more than the creation of falsehoods?

**KEYCONCEPTS:** Coherence system, codes of conduct, “Imagined communities” / Groups, language politics, literature, myth, myth making, misconception / falsehood, stories / tales, systems of belief, truth, value systems

**TREFWOORDE:** Gedragskodes, geloofsistema, koherensiesistema, letterkunde, mite, miteskepping, stories / verhale, taalpolitiek, Verbeeldde gemeenskappe” / groepe, waardesistema, waarheid, wanpersepsies / leuens

## OPSOMMING

Daar word in hierdie artikel van die standpunt uitgegaan dat, gevewe die verwarring in definisies van die term “mite”, dit nodig is om die term presieser te definieer en ook te verduidelik alvorens dit in akademiese diskouers gebesig word. Dit is ook onbevredigend en soms selfs verwarrend dat die woordeboekdefinisies en wydverspreide gebruik van die term beperk word tot óf die heroïese dade uit die antieke wêreld en die kaperjolle van hulle gode en godinne, óf andersins uitgebrei word om na hedendaagse wanopvattings of selfs valshede te verwys. Josphe Campbell, een van die prominentste “mitoloë” van die twintigste eeu, verduidelik die sogenaamde mag van mites as “stories of our search through the ages for truth, for meaning, for significance” (in Flowers 1988:5). In ’n onlangse publikasie oor die geskiedenis van die mite verbind Karen Armstrong die maak van mites aan “a quest for the soul” (Armstrong 2005:11). As sodanig het die mite ’n houvas op mense deurdat dit hulle versterk en hulle lewe die moeite werd maak. Baie skrywers en navorsers in die menswetenskappe, soos byvoorbeeld Carl Gustav Jung, Thomas Bulfinch, G.M. Kirkwood, D. de Rougemont, die historici Samuel en Thompson, N. Frye, M. Scarborough, P.J. Conradie, Etienne Leroux en Charles Malan gaan akkoord met hierdie opvatting oor die essensiële funksie van die mite in die menslike bestaan.

Die belangrike vraag skyn te wees: Is dit moontlik dat die mens se soekna “truth, meaning and significance”, sy of haar “quest for the soul”, kan uitloop op niks anders as die skep van valshede nie?

## 1. OOR MITES EN DIE MITIESE

### 1.1 Van mites gepraat...

Throughout the inhabited world, in all times and under every circumstance, the myths of man have flourished... It would not be too much to say that myth is the secret opening through which the inexhaustible energies of the cosmos pour into human cultural manifestation (Campbell 1972:3 (oorspronklik 1949)).

Die mite mag miskien 'n blote "fiktiewe" verhaal wees volgens die populêre en verkeerde definisie, maar die krag daaragter is 'n onomstootlike werklikheid. Die hele verloop van geskiedenis kan verander word onder die aanslag daarvan (Leroux 1960, opgeneem in Kannemeyer 1980:12).

Daar is 'n ontwykende kern in elke mite wat ons hoegenaamd nie met redelike begrippe kan bereik nie (Conradie 1964:10).

Die mite (Gr. *muthos*, verhaal) is sedert die vroegste tye die mens se manier om deur middel van 'n eenvoudige vertelling die sin, samehang en doel van die kosmos te verklaar. Die mitiese vertelling beskryf op epiese wyse [...] die herkoms en uiteinde van die dinge... (Malan 1978:39).

Myths are stories of our search through the ages for truth, for meaning, for significance... (Campbell in Flowers 1988:5).

... myth is a fundamental component of human thought. One has only to consider the magical feelings attaching to authority, or the glamour attributed to celebrities, or the power of divided historical origins and cultural traditions to set modern communities – in Ireland or Israel, Sri Lanka or the Lebanon – tearing themselves apart, to see that myth has lost neither its imaginative purchase nor its living power as a historical force today. (Samuel & Thompson (eds.) 1990:4)

Human beings have always been mythmakers [...] When Freud and Jung began to chart the modern quest for the soul, they instinctively turned to classical mythology to explain their insights, and gave the old myths a new interpretation (Armstrong, 2005:1, 11).

Dit is nie maklik om adekwate beskrywings van mite as algemene verskynsel te vind of om 'n inklusiewe definisie te formuleer nie. Mite is omvattend, kompleks en tot 'n hoë mate ontwykend (Van Schalkwyk 2004:4).

### 1.2 Die multidissiplinêre aard van die diskouers rondom mites

Reeds uit die bogenoemde aanhalings kan die afleiding gemaak word dat die term "mite" vanuit soveel verskillende dissiplines benader kan word dat dit beswaarlik binne 'n enkele definisie vasegen kan word. Steenberg (in Cloete, 1999:312) verduidelik dan ook in sy omskrywing van "mite" dat uiteenlopende omskrywings al vir dié term gegee is omdat die opvatting van wat dit behels, afhang van die ondersoeker se benadering, byvoorbeeld histories, filosofies-teologies, esteties, sosiologies of oorkoepelend. Hierdie uiteenlopendheid, maar veral ook die "mutasies" wat die term in die jongste tyd ondergaan het, word bevestig deur Janssens (2003:145) wat beweer: "In de hedendaagse cultuur is het begrip 'mythe' onderhevig aan grondige mutasies, sowel in de kennis as in de waardensfeer", en "In de hedendaagse cultuur wordt 'mythe' in de meest verscheiden betekenissen gebruik."

### 1.3 Verskillende teoretiese vertrekpunte: twee proefskrifte oor mites

Dikwels verskil die teoretiese raamwerk wat as uitgangspunt dien vir ondersoeke en diskouerse rondom miteskepping aansienlik. So het daar byvoorbeeld in 2004 twee proefskrifte in Afrikaans verskyn met “mite(s)” in die titel daarvan, maar vanuit twee totaal verskillende vertrekpunte, naamlik dié van die letterkunde en dié van die taalsosiologie/taalpolitiek. Ook die ondersteunende bibliografieë, ten spye van bepaalde raakpunte en oorvleueling, dui op die nogal uiteenlopende teoretiese raamwerke van beide. Interessant genoeg is daar egter uiteindelik min wesenlike verskil by die twee ondersoekers oor die aard en funksie van mites.

#### 1.3.1 Van Schalkwyk: “Horisonne: mites oor die moontlike in kontemporêre verhalende tekste van die Suid-Afrikaanse en Nederlandse taalgebied”

In die proefskrif van Van Schalkwyk (onder promotorskap van prof. H.M. Viljoen) stel die onderzoeker dit duidelik dat hy 'n student van die letterkunde is (en meer spesifiek die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde) (2004:2 en 3). Hy noem ook dat hy hierin voortbou op sy M.A.-studie waartydens hy veral gefokus het op die begrip *tekstuele koherensie*, wat volgens sy bevindinge 'n verskynsel is wat pre-teoreties funksioneer omdat dit ten nouste saamhang met lewensbeskouing en –verhale, mites (persoonlik en kollektief) en meesterverhale (Van Schalkwyk 1998:27-30). Van Schalkwyk gebruik as sinoniem vir (samelewings-) mites die begrip *koherensiesisteme*. Hy ontleen volgens hom dié begrip aan Linde, wat dit soos volg omskryf:

[it is] a [...] global cultural device for structuring experience into socially shareable narrative. A coherence system is a discursive practice that represents a system of beliefs and relations between beliefs. (Linde 1993:164)

Twee uitgangspunte wat hier belangrik is en grootliks ooreenstem met die betoog in hierdie artikel is dat mites (hier: koherensiesisteme) in die vorm van *narratiewe* gekonstrueer word en ook dat hulle verband hou met *geloofsistema* (“system(s) of beliefs”) (my kursivering ter wille van beklemtoning).

Dit blyk ook dat Van Schalkwyk die siening van Northrop Frye oor die ontstaan van mites onderskryf, aangesien hy verwys na die “pregnante woorde” van Frye (1982:xviii) wat as “vroeë inspirasie” vir sy studie gedien het (Van Schalkwyk 2004:39). Frye se standpunt in die aangehaalde teks is naamlik dat die mens binne 'n “mitologiese universum” leef wat bestaan uit 'n versameling oortuiginge wat voortvloeи uit sy “eksistensiële soeke”. Hierdie siening hang myns insiens saam met dié van Armstrong wat verklaar:

We are meaning-seeking creatures [...] and from the beginning we invented stories that enabled us to place our lives into a larger setting, that revealed an underlying pattern [...] The myths gave explicit shape and form to a reality that people sensed intuitively [...] Mythology was therefore designed to help us cope with the problematic human predicament. (Armstrong 2005:3-6)

Van Schalkwyk beskou ook die deeglike studie van Scarborough (1994) as een van die belangrike vertrekpunte van sy eie ondersoek en bespreek Scarborough se siening rondom die konsep redelik omvattend (Van Schalkwyk 2004:100 -110).

Ek verwys hier net na een van die belangrike stellings van Scarborough, naamlik dat baie denkers die begrip “mite” assosieer met die verlede, die subjektiewe en die leuen. Scarborough koppel dié uitgangspunt aan die feit dat die moderniteit (wat ontstaan het uit die Verligting van die

agtende eeu) “die mite agtergelaat het en dus praat vanuit die rationele ruimte van die miteloosheid”, maar weerlê dan hierdie siening deur te beweer dat “die moderniteit self ‘vervuil’ is van mite” (Van Schalkwyk 2004:101).

Ook die belangrike werk van Roland Barthes rondom (eietydse) miteskepping (1975) (reeds in 1957 vir die eerste keer gepubliseer) kom onder die loep in Van Schalkwyk se teoretiese besinning oor die term. Die voorbeeld aan die hand waarvan Barthes sy siening van mites in die eietydse (Franse) samelewing verduidelik, is die plasing van ’n foto op die voorblad van die koerant *Paris-Match* van ’n jong swart man in Franse uniform wat die Franse vlag salueer. Barthes argumenteer dat die foto nie by die leser die indruk van “onskuld” behoort te skep nie, maar andersyds ook nie dié van ooglopende propaganda of ’n “alibi vir Franse kolonialisme” nie.

Die foto kan slegs “werk” indien dit op ’n derde manier deur die koerantleser beskou word, naamlik as natuurlik [...] Die mite verberg dus nikks en skree nikks van die dakke nie. Die mite vervorm ’n idee: is gewoonweg daardie idee (Van Schalkwyk 2004:113).

Dit is uiteraard nie moontlik om binne die bestek van hierdie artikel volledig reg te laat geskied aan Van Schalkwyk se boeiende en indringende studie rondom die konsep “mite” nie. In sy eie “sintese” na diepgaande bespreking van die tersaaklike literatuur stel Van Schalkwyk dit soos volg (2004:161):

Soos geblyk het, is daar wat betref ons verhouding tot mite sprake van ’n paradoks, naamlik dat ons tegelyk binne en buite is, in die binnekring van ons mitologie, én buitestanders. Dít besef ’n mens veral sodra jy begin om die mites van die samelewing waarin jy leef, na te spoor. Geen paradoks laat hom maklik oplos nie, ook nie hierdie een nie.

Van Schalkwyk verwys ook na Ricoeur (1991) se standpunt dat ’n samelewing se mitologiese nukleus slegs afgelei kan word van “oppervlakverskynsels, naamlik diskoerce, die optrede van die lede van die samelewing, en die werkinge en verhoudinge van die onderskeie formele sektore en institusies” (Van Schalkwyk 2004:161).

### 1.3.2 Jordaan: “Mites rondom Afrikaans”

In die proefskerif van Jordaan (onder promotorskap van prof. M.C.J. van Rensburg) word die “storie van Afrikaans” vanuit ’n taalsosiologiese / taalpolitiese raamwerk onder die loep geneem. Die uitgangspunt is deurgaans die rol wat miteskepping (“vir” of “teen” Afrikaans) in die geskiedenis van die taal gespeel het. Teenoor die “liefdesband tussen Afrikaans en die Afrikaner” word gestel “Afrikaans: die verdrukkerstaal”. In die “Woord vooraf” word die vertrekpunt van die “gesprek rondom Afrikaans” en dié rondom miteskepping (pre-teoreties en waarskynlik grootliks intuïtief) soos volg verwoord:

Hierdie proefskerif oor mites rondom my “moedertaal” (’n mities-gelaaiide frase) is – in die woorde van een van Afrikaans se grootste miteskeppers, M.E.R. – “my beskeie deel” wanneer dit kom by ’n bydrae tot die volgehoue gesprek rondom Afrikaans (Jordaan 2004:iii).

Die volgende uiteensetting in die “Woord vooraf” word volledig aangehaal omdat dit lig werp op die uitgangspunt rondom miteskepping in die proefskerif as geheel. (Die kursivering van bepaalde frases hierna beklemtoon Jordaan se siening rondom die aard en funksie van mites):

Daar sal in die loop van die diskoers eksemplaries gewys word op die mate waarin bepaalde mites rondom Afrikaans *sin gegee het aan die bestaan* van die mense binne wie se groep die mites

ontstaan het. Daar sal ook geargumenteer word dat dieselfde mites in 'n groot mate *nog steeds as die "heilige" waarheid* geglo word binne die betrokke groepe (Jordaan 2004:iv). [...] Dit is waarskynlik naaste aan die waarheid – hoewel “waarheid” ook weer 'n veelkantige begrip is – om te sê dat “mite” en “'n narratief of storie oor die singewende fasette van die menslike bestaan”, in 'n hoë mate in die proefskrif aan mekaar gelyk gestel word (iv-v). [...] Waarvan probeer ons sin maak? Juis van dié dinge wat volgens die mites waarmee ons leef sin kan géé aan ons bestaan. Ons wil byvoorbeeld weet waar ons vandaan kom, waarom ons is wie ons is, watter verskil ons lewe op aarde maak en waarheen ons op pad is. (Om maar 'n paar te noem.) Wanneer hierdie soeke na sinvolheid *aan die hand van 'n mite verklaar en geïnternaliseer word*, glo ons die betrokke mite in die “diepst van (ons) gedachten” en in die “binnenst van (ons) ziel...” (om Kloos aan te pas) (v – vi). So 'n mite word dan vir ons 'n *geloofsekerheid* [...] Die ironiese of paradoksale aspek van 'n “geloofsekerheid” is dat dit in 'n sekere sin twee begrippe versoen wat oënskynlik onversoenbaar is, maar wel byvoorbeeld in die Christelike teologie versoen word. In Hebreërs 11:1 word “om te glo” omskryf as: “[...] om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van dinge wat ons nie sien nie.” Suiwer empiries gesproke is dit immers nie moontlik om “seker te wees” van dinge waarop ons eintlik net “hoop” nie en eweneens ook nie om “oortuig te wees” van dinge wat “onsigbaar” is nie. Dit is egter myns insiens *die fundamentele aspek van die mite: ons is seker van die waarheid daarvan, selfs al is die inhoud nie noodwendig empiries bewysbaar nie*. Die rede waarom ons “seker is” van die mites waarmee ons leef, is omdat *ons hele bestaan as geestelike wesens afhang van die geloofwaardigheid van ons mites*. Ons *durf* daarom in 'n sekere sin nie ons mites betwyfel nie, omdat dit *die sinvolheid van ons bestaan in die gedrang kan bring*. Dit geld indiwidue, maar ook groepe as entiteite waarbinne indiwidue hulle skaar in wat Anderson (1991) “verbeelde gemeenskappe” noem (vi).

Daar word vervolgens nog verder aandag gegee aan bepaalde (en soms uiteenlopende) sienings van die term “mite”.

## 2. “MITE”: VERSKEIE SIENINGS VAN DIE TERM

### 2.1 “Mite” – 'n “storie sonder grond”

In die jongste uitgawe van die *HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse taal)*, die 1994-uitgawe, word “mite” verklaar as:

- 1 *Oorlewing omtrent gode en godsdiens; godeverhaal; en*
- 2 *Fabel; storie sonder grond.*

Veral die tweede verklaring, “storie sonder grond”, kan myns insiens soms verwarring skep binne 'n diskouers oor miteskepping. Die probleem is naamlik dat 'n term wat dikwels prominent in geesteswetenskaplike diskouerse figureer, as 't ware in twee *teenstellende* betekenis gebruik word: as singewende narratief enersyds, maar as wanpersepsie of vervalsing andersyds. Hierdie kwessie word in die verdere bespreking meer omvattend aan die orde gestel.

### 2.2 “Mite” - 'n “singewende narratief”

Die uitgangspunt rondom “mite” binne hierdie diskouers is dié van die mite as singewende narratief met 'n positiewe impak in die lewe van indiwidue en groepe. Hierdie “vermoë” van 'n mite kan egter nie altyd aantoonbaar vasgepen of verduidelik word nie. In die woorde van Conradie (1964:10) is

daar 'n "ontwykende kern" in elke mite wat hoegenaamd nie "met redelike begrieppe" bereik kan word nie. Dit gaan nie noodwendig oor wat ons weet nie; dit gaan oor *wat ons glo dat ons weet*.

In 1.1 hierbo is daar aangehaal uit die werk van verskeie geesteswetenskaplikes rondom die konsep "mite". Die volgende uitsprake kan dié van Campbell (1972 en 1988), Malan (1978) en Samuel & Thompson (1990) aanvul. Die betrokke geesteswetenskaplikes se standpunte dui myns insiens almal op 'n ander siening as dié in 2.1 hierbo waar mite gedefinieer word as 'n "storie sonder grond". (Let wel: alle kursiverings is weer eens my eie ter wille van beklemtoning en om die aard en funksie van mites uit te wys):

[...] a myth expresses rules of conduct of a given social or religious group. It issues accordingly from whatever *sacred principle* has presided over the formation of this group. (De Rougemont 1956:18)

The distinctive quality of myth, the aspect of it that gives its peculiar value for literature, is its capacity to express in story form the *primary emotional and imaginative workings of the human mind*. (Kirkwood 1958:22)

Die mens kan eerder sterf van honger, maar *sonder sy mite kan hy nie klaarkom nie*. (Leroux in Kannemeyer 1980:12)

Die *mite* is 'n literêre vorm wat d.m.v. 'n verhaal in eenvoudige taal gestalte gee aan 'n *standhoudende waarheid* oor die wesensaard van die werklikheid en terselfdertyd gekenmerk word deur 'n veelheid van moontlikhede. (Steenberg, 1999:313)

Dié verskeie geleerde binne uiteenlopende vakgebiede is dit dus skynbaar eens dat mites 'n belangrike singewende funksie vervul, soos afgelei kan word uit die volgende samevatting:

- Mites stel gedragsreëls vir 'n bepaalde groep voor (De Rougemont);
- Mites is 'n fundamentele komponent van die mens se verbeelding, hou verband met sy emosies, en vind neerslag in sy kultuur (Kirkwood en Campbell);
- Mites verklaar vir die mens die sin, samehang en doel van sy bestaan en hou dus verband met sy soek na (standhoudende) waarhede en sinvolheid (Malan, Campbell en Steenberg);
- Mites is belangriker as voedsel vir die mens (Leroux); en
- Mites is tot in die eie tyd 'n "akteveerde van die verbeelding" en 'n "lewende krag" in geskiedenisoordrag (Samuel & Thompson).

Dit moet reeds duidelik wees dat daar 'n groot verskil is tussen die siening van "mite" as vervalsing of "n storie sonder grond" en dié van geesteswetenskaplikes wat daaraan 'n besonder invloedryke rol toeken as sou die mite "gestalte gee aan 'n standhoudende waarheid oor die wesensaard van die werklikheid" (in die woorde van Steenberg, 1999:313).

## 2.3 "Mite" – 'n model vir die vestiging van bepaalde lewenswaardes

Jordaan (2005) wys ook op die belangrike rol van miteskepping in die vestiging van bepaalde waardesisteme en 'n groepsetos by 'n volk of kultuurgroep. Dié waardevestiging geskied veral deur die oorvertel van mities-gelaaide lewensverhale of die voorhou van "exempla" van en deur leiersfigure en persone van statuur en waarde binne die groep.

As spesifieke voorbeeld word verwys na die skryfster en welsynwerker (onder meer), Maria Elizabeth Rothmann (M.E.R.) (1875-1975). M.E.R. beskou byvoorbeeld 'n sogenaamde "eenledige leefwyse" as 'n waarde eie aan die Afrikanergemeenskap en hou dit voor as navolgenswaardig. Sy

verduidelik dat hierdie eenledige leefwyse “soos dit by die Afrikaners bestaan het en soos dit seker deur die omstandighede van ons volksvorming noodwendig ontstaan het” (my kursivering) die verhouding tussen mense vasstel op grond van wat hulle is, terwyl ’n “tweeledige leefwyse” twee toetse veronderstel, naamlik dit wat die mens is, en dit wat hy *skyn te wees* (M.E.R. 1972:35).

Die rol van miteskepping in die vestiging van bepaalde waardesisteme wat gemeenskappe dan in staat stel om weerstand teen die “bose” te bied, herinner ook aan Jaap Steyn se forumartikel in *Beeld*, 11 Mei 2006, waarin hy verwys na die werk van Geert Mak, *In Europa: Reizen door de twintigste eeuw*. Steyn verduidelik dat Mak een van die grootste vergrype van die twintigste eeu, die Jodevervolging deur Nazi-Duitsland, sien as die gevolg van die totale ineenstorting van morele waardes binne Europese gemeenskappe. Hieraan was nie net die Duitsers nie, maar uiteindelik etlike ander “beskaafde” volkere, skuldig. Dit is myns insiens ook wat Etienne Leroux bedoel wanneer hy oor die impak van die Tweede Wêreldoorlog praat en dan beweer: “Dit was nie ’n fisiese wêreld wat ten gronde gegaan het nie, dit was ’n mite...” (Kannemeyer 1980:12).

In hierdie verband kan ook verwys word na die volgende aanhaling uit die roman van Ursula Hegi, *The Vision of Emma Blau*, waarin ’n Duitse vrou wat voor die Tweede Wêreldoorlog uitgewyk het na Amerika met ontsetting vervul word na berigte oor vergrype wat sy van haar geboorteland af ontvang (Hegi 2000:229):

[...] what felt terribly familiar in all this was that attitude of superiority she knew from having grown up there, from seeing it bloom so quickly against anyone who was considered to be different. Still – how could it have turned into something so monumental?

Dit wil dus voorkom asof die verlies van ’n morele waardesisteem wat miteskepping binne ’n bepaalde tydvak positief kan ondersteun en singewend kan werk om mense te inspireer tot die “goeie”, ontstellende en “monumentale” negatiewe gevolge kan hê.

## 2.4 Joseph Campbell oor die krag van mites

Die krag van mites, ook vir die moderne mens, word myns insiens baie duidelik onder woorde gebring in gesprekke tussen Joseph Campbell en Bill Moyers, soos vervat in Flowers 1988. Campbell was bekend as een van die twintigste eeu se outhouers oor die mitologie (wat hy vir amper veertig jaar gedoseer het by die Sarah Lawrence College) en waарoor hy gesaghebbend gepubliseer het. Bill Moyers was ’n bekende televisiejournalis by onder andere CBS News. Betty Sue Flowers het in haar geredigeerde weergawe van die genoemde gesprekke tussen Campbell en Bill Moyers (Flowers 1988) gebruik gemaak van transkripsies van die oorspronklike gesprekke, wat in 1985 en 1986 oor ’n bestek van ongeveer vier-en-twintig uur vir televisie verfilm is, maar later geredigeer en gesny is tot ’n ses-uur-reeks.

In die inleiding tot die genoemde werk van Flowers (1988:xiv en verder) vertel Moyers die staaltjie van iemand wat van een van Moyers se kollegas wou weet waarom hulle met Joseph Campbell saamwerk. Die vraagsteller het haarself as ’n moderne mens beskou en was van mening dat “all these Greek gods and stuff” irrelevant is vir die twintigste-eeuse menslike staat (“human condition”). Moyers se opmerking in dié verband is:

What she did not know – what most of us do not know – is that the remnants of all that ‘stuff’ line the walls of our interior system of belief, like shards of broken pottery in an archaeological site. But as we are organic beings, there is energy in all that ‘stuff’. Rituals evoke it.

’n Voorbeeld wat Moyers gee is dié van ’n regter. Indien sy posisie in die samelewing net sosiologies belangrik was, en nie ook mitologiese ondertone veronderstel het nie, sou hy nie sy swart toga

hoef te gedra het nie: “For the law to hold authority beyond mere coercion, the power of the judge must be *ritualized, mythologized*” (my kursivering). Op Moyers se eerste vraag oor die noodsaak van mites (Flowers, 1988:3) antwoord Campbell soos volg:

One of our problems today is that we are not well acquainted with the literature of the spirit. We’re interested in the news of the day and the problems of the hour. It used to be that the university campus was a kind of hermetically sealed-off area where the news of the day did not impinge upon your attention to the inner life [...] When you get to be older, and the concerns of the day have all been attended to, and you turn to the inner life – well, if you don’t know where it is or what it is, you’ll be sorry.

Hierdie uitspraak van Campbell hou direk verband met die sentrale uitgangspunt rondom miteskepping in hierdie betoog, naamlik die feit dat die mites waarmee ons leef veral ten doel het om sin te gee aan ons bestaan.

Die hele diskloers in *Joseph Campbell: The Power of Myth* (Flowers 1988) is in werklikheid relevant vir hierdie diskloers. Daar word egter volstaan met enkele verdere aanhalings uit die werk, omdat hulle besondere ligwerp op Campbell se siening van die aard van mites en die funksie van mites in die lewe van individue en groepe:

Myths are clues to the spiritual potentialities of the human life (p.5).

Read myths. They teach you to turn inward, and you begin to get the message of the symbols [...] Myth helps you to put your mind in touch with this experience of being alive (p.6).

What we have today is a demythologized world. And, as a result, the students I meet are very much interested in mythology, because myths bring them messages [...] They’re stories about the wisdom of life (p.9).

Mythology teaches you what lies behind literature and the arts, it teaches you about your own life. It’s a great, exciting, life-nourishing subject... myths offer life models. But the models have to be appropriate to the time in which you are living (pp. 11,13).

’n Laaste aanhaling, wat myns insiens insiggewend is, verdeel die mitologie in twee bene, naamlik mitologie wat handel oor die mens se “natuurlike bestaan” en mitologie wat ’n sosiologiese grondslag het:

[...] myths are metaphorical of spiritual potentiality in the human being, and the same powers that animate our life animate the life of the world. But also there are myths and gods that have to do with specific societies or the patron deities of the societies. In other words, there are two totally different orders of mythology. There is the mythology that relates you to your nature and to the natural world, of which you’re a part. And there is the mythology that is *strictly sociological, linking you to a particular society. You are not simply a natural man, you are a member of a particular group* (pp.22-23) (my kursivering).

’n Verdere aspek is die integrale verhouding tussen die mitologie en die letterkunde, waarna vervolgens kortliks verwys word.

### 3. DIE VERBAND TUSSEN DIE MITOLOGIE EN DIE LETTERKUNDE

We all are, I suppose. Trying to invent our version of the story. All human odes are essentially one: ‘My life: what I stole from history, and how I live with it’ . (Kingsolver 1999:492)

“Dis nie die storie wat jy ons vantevore vertel het oor hoe jou mense hier gekom het nie, “ maak Katja beswaar. “Oor die twee broers by die groot boom.” Kahapa haal sy skouers in die donker op. “Ons het baie stories,” sê hy. “En al die stories is waar. Jy moet net reg leer luister ...”. (Brink, 2002: 202)

Die besondere verband tussen die mitologie en die letterkunde en die positiewe waarde van beide word reeds soos volg uitgespel deur Thomas Bulfinch in die voorwoord tot sy klassieke werk, *Bulfinch's Mythology* (Bulfinch, s.j.) wat in 1993 heruitgegee is in die Wordsworth Reference-reeks (1993:ix):

If no other knowledge deserves to be called useful but that which helps to enlarge our possessions or to raise our station in society, then Mythology has no claim to the appellation. But if that which tends to make us happier and better can be called useful, then we claim that epithet for our subject. For Mythology is the handmaid of literature; and literature is one of the best allies of virtue and promoters of happiness.

Die belangrikheid van stories om mense gelukkig en “beter” (in albei moontlike betekenisse van dié begrip) te maak, is ook by implikasie te vind in die volgende uitspraak van die sielkundige en Jungiaanse *cantadora*, Clarissa Pinkola Estes, wanneer sy in *Women who run with the wolves* beweer:

Storytelling is [...] not an idle practice. Although some use stories as entertainment alone, *tales are, in their oldest sense, a healing art* [...] In dealing with stories, we are handling archetypal energy, which is a lot like electricity [...] *Archetype changes us*; if there is no change, there has been no real contact with the archetype. *The handing down of a story is a very big responsibility* (Estes 1992:463) (my kursivering).

In die lig van bogenoemde siening, en ook op grond van Bulfinch se stelling dat die mitologie die “diensmeisie” van die letterkunde is, wil dit voorkom asof daar ’n “intieme band” tussen die letterkunde en die mitologie is wat wedersyds vrug afwerp. Malan (1978:31-32) verwys byvoorbeeld in sy bespreking van Etienne Leroux se werk onder meer na die “mito-religieuse substratum” in *Hilaria* waarin daar toespelings is op die mitologiese misteriekultusse uit die antieke wêreld. Die “mitologiese” substratum is volgens Malan dikwels die onderbou van Leroux se tekste. Die skrywer bring antieke mites met Christelike motiewe in verband, byvoorbeeld die “lam” in *Die mugu*, die “sondebok” in *Een vir Azazel* en “dood-en-herlewing” in 18-44.

Dit is ook nie uniek aan Leroux om mitologiese figure as spieëlbeeldte vir sy karakters te gebruik nie, hoewel hy sekerlik een van die Afrikaanse skrywers tot hede is wat dit by uitstek gedoen het. Die digteres Elisabeth Eybers gebruik byvoorbeeld ook dikwels verwysings na klassieke mitologiese figure, byvoorbeeld in “Dido se afskeid” (Eybers 1990:37), “Drie geslagte”(oor Aeneas se vlug uit Troje, Eybers 1990:207) en “Circe” (Eybers 1990:99). ’n Intensiever studie sou ongetwyfeld baie meer voorbeeldte kon uitwys.

Dit sou waarskynlik juis wees om te beweer dat die afgeleide byvoeglike naamwoorde, “mitologies” en “mities”, meestal as sinonieme gesien word. Albei word naamlik gebruik om te verwys na fabels of verdigsels, wat óf verband kan hou met die mitologieë van verskillende volksgroepe – onder andere die Griekse en Romeine, maar ook vele ander – óf met “nuutgeskepte”

mites wat binne dié konteks dan hulle ontstaan in verdigsels of onwaarhede het. Myns insiens kan daar wel tussen die twee onderskei word en hou “mitologies” hoofsaaklik verband met die “mitologie”, dit wil sê met die oorgelewerde fabels, legendes en *mites* van volkere en groepe, terwyl “mities” verwys na die skep van ’n (nuwe) mite rondom ’n bepaalde persoon, gebeure of saak.

Een voorbeeld van miteskepping rondom ’n persoon is die geval van Abraham Esau, ’n Britse lojalis in die Calvinia-distrik tydens die Anglo-Boereoorlog. Die gebeure word opsommend aangeteken deur Bill Nasson, dosent in ekonomiese geskiedenis aan die Universiteit van Kaapstad in ’n hoofstuk van *The myths we live by* (Samuel en Thompson 1990). Die volledige verhaal is nie vir die doel van hierdie bespreking van belang nie, hoewel dit interessant is dat skrywers soos Karel Schoeman in *Verliesfontein* en Johnita le Roux in *Die dagsterwals* spesifiek van die gegewe rondom Esau gebruik gemaak het in hulle romans. Wat wel van belang is, is Nasson se stelling dat Esau “opgebou” is tot ’n “mitiese” figuur, en dit met ’n spesifieke doel, naamlik om hom as simbool te gebruik van Britse lojalisme en patriotisme tydens die Anglo-Boereoorlog en daarna.

“And they built him up into a *mythic* individual” (1990:116) [...] In the years following the South African War, the martyrdom of Abraham Esau served *a recognizable function*. It met a *psychological need* [...] and offered an integrating element at this particular historical moment. Esau became the *mythic symbol* of a revivified British patriotism in Calvinia village life (1990:118) (my kursivering).

Die afleiding is dat daar ’n nou band bestaan tussen die mitologie en die letterkunde, of daar nou met “mitologie” verwys word na byvoorbeeld die antieke mitologie, óf na die skep van “nuwe” mites en mitiese figure in literêre tekste.

#### **4. “MITE” IN DIE WOORDEBOEKBETEKENIS VAN “STORIE SONDER GROND” IN GEESTESWETENSKAKPLIKE DISKOERSE**

Uiteraard is daar ook geesteswetenskaplike diskosiese waarbinne die term “mite” in die leksikale betekenis van ’n “storie sonder grond” gebruik word. Uit talle moontlike voorbeelde word twee gekies as voorbeelde omdat ek besondere waardering en respek vir die betrokke wetenskaplikes het.

##### **4.1 “Mitevorming”, *Tuiste in eie taal*, Steyn 1980**

In hoofstuk 8 (“Afrikaans en apartheid”) van sy invloedryke werk oor die “behoud en bestaan van Afrikaans” noem Steyn dat daar

’n regstreekse verband [bestaan het] tussen die apartheidse beleid en die sosiale toestande van die jare dertig en veertig as gevolg van ’n onbeheerde toestroming van swartes na stede [...] Aan krotbuurte het die Nasionale regering in die jare vyftig ’n einde gemaak, ondanks agitasies deur die Engelse pers en geestelikes. (1980:257)

Een van die gevolge van die opruiming van krotbuurte was dat die S.A. Instituut vir Rasverhoudings, hoewel nie goedgesind teenoor die destydse Minister van “Naturellesake”, dr. H.F. Verwoerd nie, in sy 1957/58-jaarverslag verwys na “phenomenal progress” in die verskillende stede. Giliomee (2003:539) wys terloops ook op ’n positiewe evaluering van die rol van dr. Verwoerd gedurende die eerste twee dekades van apartheid:

Although the new educational system for blacks was strongly criticized, it greatly improved basic literacy [...] In die mid-1960's [...] South Africa had a growth rate of six per cent and an inflation rate of only two per cent. In Augusts 1966 *Time* magazine [...] called Verwoerd 'one of the ablest leaders Africa has ever produced.'

Ook die *Rand Daily Mail*, wat die mees kritiese dagblad van die tyd was, het volgens Giliomee in Julie 1966 gewys op dr. Verwoerd se besondere leierskap, wat daar toe gelei het dat die land "ly" aan 'n "surfeit of prosperity" (2003:540). Steyn maak dan die bewering dat

(D)die verspreiders van *die Groot Leuen* – dat apartheid alleen onreg en verdrukking beteken – vanselfsprekend alle maatskaplike hervormings [verswyg] wat uit die toepassing van die apartheid beleid voortgekom het (1980:257) (my kursivering).

Hierdie slotsom hang saam met sy uiteensetting aan die begin van die betrokke hoofstuk waarin hy die "huidige oordele" oor apartheid onder drie hoofpunte saamvat, waarvan die eerste is dat apartheid in alle opsigte 'n negatiewe beleid was. Hierop is sy kommentaar:

Die eerste deel is deel van die *mitevorming* rondom apartheid. In die vorige hoofstuk is aangevoer dat die Nasionale regerings die inheemse swart tale kragtig bevorder het. Reeds dit is 'n *weerlegging* van bogenoemde stelling (1980:255) (my kursivering).

Daar bestaan in Steyn se betoog dus 'n verband tussen "mitevorming" rondom apartheid, die "groot leuen" dat apartheid alleen onreg beteken het en die moontlikheid om genoemde sienings te "weerlê" deur huis te wys op positiewe aspekte in die uitvoering van die Nasionale regerings se beleid soos dat die swart tale doelgerig bevorder is.

#### **4.2 "Die mites oor Afrikaans: 'n inleidende beskouing oor die persepsies van Afrikaans as onderdrukkerstaal" – M. Verhoef (*Literator*, 20(2), 1999)**

Min of meer dieselfde uitgangspunt as die bostaande word gehuldig deur Marlene Verhoef (1999:123) wat in die *abstract* van haar artikel oor mites oor Afrikaans as onderdrukkerstaal na mites verwys as "*unjustified assumptions which are generally accepted.*" Verhoef kwalifiseer hierdie uitspraak in haar artikel wanneer sy waarsku dat daar aanvaar moet word dat "die vorming van mites gesien [moet] word as 'n ineengewefde, interafhanglike dinamika tussen die historiese, politiese, ekonomiese en sosiale kragte in 'n bepaalde konteks'" (1999:127). Wat egter opval, is dat die titel van haar artikel die term "mites" (oor Afrikaans) bevat, maar dat sy in haar slotsom die doel van haar artikel saamvat as "om vanuit die sosiopsigologie en aanverwante dissiplines 'n teoretiese raamwerk te verskaf vir die analisering van algemene *persepsies*, veral *dan persepsies van taal*" (1999:134) (my kursivering). Daar word teruggekeer na die kwessie van mites in die slotparagraaf van die artikel, wat soos volg lui:

Oor die sin van 'n wetenskaplike analyse van die mites van Afrikaans kan gesê word dat dit in die besonder lê in die bydrae wat dit behoort te lever tot die *ontmaskering van beelde* wat mettertyd *op onkritiese wyse met Afrikaans geassosieer geraak het*. Eers wanneer die *aftakeling van die mites oor Afrikaans volledig plaasgevind het*, kan [...] gewerk word aan die vervulling van Afrikaans se volle funksiepotensiaal in meertalige verband (1999:134) (my kursivering).

Verhoef se betoog dui dus daarop dat die "mites van/oor Afrikaans" (dié twee voorsetsels word afwisselend gebruik; "mites oor" sou my voorkeur wees) "ontmasker" en "afgetakel" behoort te

word – met ander woorde daar moet 'n deeglike dekonstruksie en demitologisering van dié mites plaasvind. Mites word dus hier ook in die woerdeboekbetekenis as “valse aannames” gesien wat teenproduktief werk teen die voortbestaan van Afrikaans.

#### **4.3 Polemieke in *Die Burger*, *Beeld*, *Volksblad* en *Die Kerkblad* in 2002, soos aangehaal deur Marcel Janssens**

In sy artikel oor mitevorming in die hedendaagse kultuur verwys Janssens (2003:155) na polemieke in koerante en kerkblaarie gedurende 2002. Sy parafrase uit *Die Burger* van 8 Mei 2002 lui: “De mythologische herkomst en het mythologische statuur van de christelijke belijdenis zijn plots medianieuws geworden in de postmoderne tijd” en dié uit *Beeld*, 25 Maart 2002: “Zoals de Griekse mythologie of de Noorse Saga's zou het christelijke verhaal ook een verzameling mythes en legendes kunnen zijn.” ’n Baie “befaamd nieuwtestamenticus van een universiteit in Pretoria verklaarde onlangs dat we toch niet kunnen blijven geloven dat de sonde in de wereld gekomen is omdat Eva van een appeteltje gegeten heeft” (geparafraseer uit *Volksblad*, 20 Mei 2002).

Dit is egter veral in die formulering in *Die Kerkblad*, 27 Februarie 2002 (soos aangehaal deur Janssens 2003:155) waar die duidelikste verwysing na “mite” as vervalsing gevind kan word. Die vraag word naamlik gestel of die Bybel dan nou “’n klomp *mites* [is] wat *valse voorstellings* oor God maak” (my kursivering). In dié geval word “mite” dus presies gelyk gestel aan ’n wanvoorstelling of leuen.

Lynreg hierteenoor staan die siening van “mite” soos in die eerste afdelings van hierdie artikel (1-3) uiteengesit. Indien “mite” eerder as singewende en waardevestigende narratief beskou word, sou dit myns insiens wel moontlik wees om, ook as gelowige Christen, van die “Christelike mite” te praat. In dié geval sou daar dan verwys word na ’n godsdiensbeskouing wat ’n integrale deel uitmaak van die mens se soeke na “truth, meaning and significance” (vergelyk Campbell se definisie hierbo).

#### **5. SLOTOPMERKINGS**

Die hoofargument in hierdie artikel is dat ’n term / konsep wat belangrik is vir verskeie diskourse binne die letterkunde, semiotiek, taalpolitiek, geskiedenis, sielkunde, sosiologie en verskeie ander menswetenskappe dikwels in twee grootliks teenstellende betekenisse gebruik word: enersyds as “singewende en waardevestigende narratief” (om die uiteensetting hierbo baie kripties saam te vat), maar andersyds ook as vervalsing of onwaarheid.

Dit is natuurlik uit die konteks af te lei wanneer daar met “mite” na ’n “wanpersepsie” of “onwaarheid” verwys word. Vir ’n onderzoeker wat al heelwat nagedink het oor die konsep en volkome akkoord kan gaan met Etienne Leroux se siening dat die mens eerder kan sterf van die honger as om sonder sy mite klaar te kom (Kannemeyer 1980:12), is dit egter verwarrend as dieselfde term gebruik word om te verwys na ’n saak wat ongeloofwaardig of vals is.

Die gronde vir die woerdeboekdefinisie van mite as “’n storie sonder grond” kan waarskynlik gedeeltelik verklaar word deur Scarborough se siening (sien 1.3.1 hierbo), naamlik dat baie denkers die begrip “mite” assosieer met die verlede, die subjektiewe en die leuen. Soos genoem, koppel hy dié uitgangspunt aan die moderniteit (wat ontstaan het uit die Verligting van die agtende eeu) en wat die rasionele bo die irrasionele en die “mitiese” ag.

Andersyds egter wys Janssens (2003:155) daarop dat daar nou weer “zo iets al respect voor die mythe groei en dat die mot toch niet echt helemaal in die mythe zit” (die laasgenoemde na aanleiding van versreëls van Hugo Claus (1994:387), “De mot zit in de mythes”, met ’n woordspeling op die Frans, waar “mite” ook “mot” beteken – AMJ).

Daar kan dus ten slotte beweer word dat die term “mite” wel leksikaal volkome korrek gebruik kan word om te verwys na wanpersepsies wat daar binne groepe en samelewings geskep word en heers. Andersyds kan daar egter ook op grond van die siening van verskeie geleerde wat hulle intensief besig gehou het met die studie van hierdie “ontwykende” term net so oortuigend aangetoon word dat die mite ’n fundamentele krag in menslike singewing en die soek na waarheid is. ’n Duidelike omskrywing van die diskorsvoerder se uitgangspunt rondom “mite” is dus telkens nodig om seker te maak dat die mot nie tóg uiteindelik in die mite beland nie!

## BIBLIOGRAFIE

- Anderson, B.R. O’G. 1991. *Imagined communities: reflections on the origin & spread of nationalism*. New York: Verso.
- Armstrong, K. 2005. *A short history of myth*. Edinburgh: Canongate Books.
- Barthes, R. 1975. (Oorspronklik in Frans, eerste publieksiedatum 1957.) *Mythologieën*. Amsterdam: BV Uitgeverij de Arbeiderspers.
- Bulfinch, T. s.j. *The golden age of myth and legend*. Hertfordshire: Wordsworth Editions Ltd.
- Campbell, J. 1949. *The hero with a thousand faces*. Princeton University Press: Princeton. (Sagtebanduitgawe 1972. Princeton: Princeton/Bollingen Paperback Printing).
- Claus, H. 1994. *Gedichten 1948-1993*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Cloete, T.T. (red.). 1992. *Literére terme en teorieë*. Bloemfontein: HAUM-Literér.
- Conradie, P.J. 1964. *Die avonture van die Griekse helde en gode*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- De Rougemont, D. 1956. *Passion and society*. London: Faber.
- Estes, C.P. 1992. *Women who run with the wolves*. London: Rider.
- Eybers, E. 1990. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Human & Rousseau/Tafelberg.
- Flowers, B.S. (ed.) (with Bill Moyers). 1988. *Joseph Campbell: The Power of myth*. New York: Doubleday.
- Frye, N. 1991. The koine of myth: Myths as universally intelligible language. (In Denham, R.D. (ed.). *Northrop Frye: Myth and metaphor – selected essays 1974 – 1988*.) Charlottesville: University Press of Virginia: pp. 3-17.
- Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.
- HAT (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal). 1994. Johannesburg: Perskor.
- Hegi, U. 2000. *The Vision of Emma Blau*. London: Simon & Schuster.
- Janssens, M. 2003. Mythevorming in die hedendaagse cultuur. *Literator*, Volume 24 (1):145-157.
- Jordan, A.M. 2004. *Mites rondom Afrikaans*. DLitt-proefschrift: Universiteit van Pretoria (onder promotoorskap van prof. M.C.J. van Rensburg).
- Jordan, A.M. 2005. (Afrikaner-)mites, outobiografie en biografie. *Stilet* XVII:3, September 2005:47-65.
- Kannemeyer, J.C. (red.). 1980. *Tussengebied*. Johannesburg: Perskor.
- Kingsolver, B. *The Poisonwood Bible*. 1999. London: Faber and Faber Ltd.
- Kirkwood, G.M. 1958. *A study of Sophoclean drama*. Cornell: Cornell University Press.
- Le Roux, J. 1994. *Die dagsterwals*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Leroux, E. 1960. Die mens, en veral die skrywer op soek na die lewende mite. Lesing voor die Afrikaanse Studiekring, Universiteit van Stellenbosch, op 6 Mei 1960. Opgeneem in Kannemeyer (red.). 1980:11-24.
- Linde, C. 1993. *Life stories: Creation of coherence*. New York: Oxford University Press.
- Mak, G. 2004. *In Europa: Reizen door de twintigste eeuw*. Amsterdam: Atlas.
- Malan, C. 1978. *Misterie van die alchemis: 'n inleiding tot Etienne Leroux se negedelige romansiklus*. Pretoria: Academica.
- M.E.R. 1972. *My beskeie deel: 'n outobiografiese vertelling*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewer Bpk.
- Nasson, B. 1990. Abraham Esau's war, 1899-1901. Martyrdom, myth, and folk memory in Calvinia, South Africa. In Samuel, R. & P. Thompson (eds), pp. 111-126.
- Ruthven, K.K. 1976. *The Critical Idiom 31: Myth*. London: Methuen & Co Ltd.
- Samuel, R & Thompson, P. (eds). 1990. *The myths we live by*. London: Routledge.
- Scarborough, M. 1994. *Myth and modernity. Postcritical reflections*. Albany: State University of New York Press.

- Schoeman, K. 1998. *Verliesfontein*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Steenberg, D.H. 1992. "Mite". In Cloete (red.), pp. 314-316.
- Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. 2006. 'Holocaust' is ook vandag moontlik. *Beeld-forum, Beeld* 11 Mei 2006.
- Van Schalkwyk, P.L. 2004. *Horisonne: Mites oor die moontlike in kontemporêre verhalende tekste van Suid-Afrika en die Nederlandse taalgebied*. PhD-proefskrif: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (onder promotorskap van prof. H.M. Viljoen).
- Verhoef, M. 1999. Die mites oor Afrikaans: 'n inleidende beskouing oor die persepsie van Afrikaans as onderdrukkerstaal. *Literator*, 20(2), Augustus 1999:123-136.